# COETZERNUUS

**Mei 2017**

Liewe Vriende

Ons groet u uit n sonnige Toulouse.  Alhoewel die lente amptelik hier is, is die luggie nog maar koel.

Ons is net  3 maande terug in Toulouse, maar voel dit baie langer.  Ons moet inpas by baie veranderinge.

- Die gemeente het nou n nuwe predikantspaar wat beteken dat dinge anders gedoen word.
- N Kerkgebou is aangekoop en op 7 Mei word die eerste diens gehou in die nuwe gebou.
- Ons woon tydelik in vriende se huis en wag op die Here om te voorsien in n woonplek van ons eie.

Ons het verwag dat dit n uitdaging sou wees maar het nie gedink dat dit so moeilik sou wees nie.  Die Here  is getrou en bemoedig  ons.  Hy  het kom wys dat dit n seisoen is wat verby is en dat Hy ons in n nuwe seisoen inlei…………

In die tussentyd gaan ons voort met:

- **Al Massira** – Bid asb vir die opkomende opleiding in Montpellier die naweek van die 12-14 Mei.  Bid ook asb vir Jan wat die leisels as direkteur oorgeneem het, terwyl daar gebid word vir iemand anders wat die pos kan beklee.

- **Bybelskool in Holland** – n Bybelskool in Holland het vir Jan genooi om n kursus te kom aanbied oor missiologie   12-14 Junie.

- Tussendeur preek Jan gereeld in **Castres** (waar ons betrokke is by n nuwe kerkplant) asook in **Empalot**,Toulouse by n klein franse kerkie.
  *Bid asb dat die Here hom sal toerus met wysheid en dat die Heilige Gees sal inspireer en toerus.*

- **Geletterdheidsklasse**: Marietjie gaan voort met die klasse al is die groepie nog klein.  Ons deel gereeld uitnodigings in die buurt uit en bid dat die Here die vroue sal stuur wat Hy daar wil  hê.

**SA sendelinge in Europa**: Ons het die voorreg gehad om verlede week n paar dae saam met die groep wat elke 2 jaar bymekaar kom, deur te bring en te kon luister na insiggewende lering asook te kon deel in medewerkers se lief, leed en uitdagings. Hierdie keer was dit in Portugal. Die 14 ure se ry was veeleisend maar die moeite werd.

- Bid asb vir Marietjie die **10de Junie** wanneer sy die 3de agtereenvolgende jaar die vroue van die CMA kerk gaan toespreek tydens n vrouedag. Bid asb dat die Here inspireer en verhoog sal word.
- **Frankryk se nuwe president**: Soos u seker reeds weet staan ons voor die deur van n presidentsverkiesing. Geskiedenis is gemaak deurdat die ver regse kandidaat teenoor die linkse kandidaat in die tweede rondte gaan staan eerskomende Sondag 7 Mei. Ons vra u om asb te bid dat die Here se wil sal geskied en veral vir vrede .
- Terselfdertyd bid ons vir ons eie land **Suid Afrika**.
  Mag God uit die hemel ingryp!

**Familie:** Dit gaan goed met al ons kinders en kleinkinders. Riaan preek nou gereeld vir die Suid-Afrikaners in Atlanta in Afrikaans. Wie het ook kon droom dat die Here hom so sal gebruik in Amerika. Bid asb vir hulle wat maar met baie uitdagings te doen het.

Stephan kom weer Europa toe vir sy werk in Mei, en kry ons op hierdie manier n bonus kuiertjie. Hoe goed is die Here vir ons vir sulke bederfies.

Net daarna kom Madeleine eksamen skryf einde Mei en kan ons haar ook te sien kry. Bid asb vir haar eksamens waaronder chinees as taal, asook vir n veilige reis hierheen.

Ons opregte dank aan u elkeen wat ons so getrou ondersteun deur die jare hetsy in gebed asook finansieel. Ons is die Here so dankbaar vir u.

**NB: Bank verandering OM Suid Afrika vir u aandag.**
**Standard Bank Hatfield**
**Takkode 051001 Tjekrekening 331947331**
**NB: Meld asb onder begunstigde ons kode nl: no.80012389/ Coetzer, Jan**
**Vir nadere inligting kontak gerus OM by tel 087 980 0048 vra vir "Finansies"**

jan.coetzer@om.org +33611465671

coetzermarie@gmail.com +33650606314

**Groete in Hom**

**Jan en Marietjie**